Tema: Die sewe seëls: Jesus stel God se oordeel in werking en te midde daarvan bewaar Hy ons vir die oorwinning!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 477: 1,2
Lied 478: 1,3,4

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb 1 - 6: 1
Votum
Seën
Loflied: Ps. 2 - 1: 1,4,6
Geloofsbelydenis: NGB artikel 1 - almal hardop saam

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Fokus op Vyfde Gebod en HK Sondag 39
Sing as antwoord op die wet: Ps. 72 - 2: 1,2
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Wys skyfie 1 en 2 van boekrolle - kinders
Skriflesing: Openbaring 6 en Openbaring 7: 1 - 4 en 9 - 17 en Open 8: 1 - 5
Sing: Sb 11 - 2: 1,2 (Kleuters na kleuterbediening)
Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing Sb 18 - 1: 4,5
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons het onsself die afgelope twee Sondae in Openbaring 4 en 5 verwonder aan God op sy hemelse troon en Jesus met die boekrol van God se raadspaln in sy hand en ‘n ganse skepping wat Hom aanbid! Ons het gesien dat God op sy troon die sentrum van die ganse skepping is en dat God deur Christus regeer! Ons het die heerlike troos ontvang dat Jesus dit alles doen tot ons voordeel en dat ons op Hom moet vertrou!

In Openbaring 6 verskuif ons oë vanoggend na die aarde toe, hier waar daardie raadsplan van God deur Christus onthul word deur een na die ander seël van die boekrol oop te maak en te laat gebeur!

En brs en srs, die prentjie hier op aarde lyk nie mooi nie! Met die oopmaak van die eerste vier seëls verskyn daar op bevel van die Here vier perde van verskillende kleure - wit, rooi, swart en vaal. **Aan hulle ruiters word mag gegee om verwoesting op verskillende maniere te saai! Verwoesting waaronder ook gelowiges lei en swaarkry!**

En onmiddelik wil ’n mens die vraag vra: maar hoe werk God se raadsplan dan nou uit? Hoe is dit dan dat God se regering deur Jesus daar van die troon in die hemel af, die aarde so laat lyk? Geliefdes, dit is ook die vraag wat die ongelowige wêreld vandag aan die kerk en aan ons as gelowiges vra. Hulle sê: **julle praat van ’n God van liefde, maar kyk hoe lyk die wêreld!** Kyk watter geweldige boosheid, onreg en lyding ervaar mense in die wereld?

Kom ons maak die vraag nog meer persoonlik: hoe gebeur dit dan in my lewe dat ek - - as kind van God - ook swaarkry? Dat ek as gelowige pyn, lyding, verlies, siekte en die dood moet beleef? Waarom, is die Here dan nie lief vir my nie?

Geliefdes, die boodskap van die sewe seëls in Openbaring gee vir ons die antwoord op hierdie vraag! Dit is God, ons Vader, se boodskap vanmore aan ons! Wat is die antwoord? **Jesus stel God se oordeel in werking en te midde daarvan bewaar Hy ons vir die oorwinning!**

Ja, die eerste saak wat ons baie duidelik moet verstaan is dat God ook oor die boosheid en die sonde in hierdie wêreld regeer. Dat God dit straf en tot ’n einde wil bring! Dit is wat die begrip “oordeel van God” beteken! Satan en sy bose magte en sy bose werke - wat die oorsaak van al hierdie ellende op aarde is – staan ook onder God se regering! **Omdat sonde en boosheid teen die wil van God is moet Hy dit veroordeel en moet Hy diegene wat daarin leef, straf!**

En nou gebruik God juis hierdie boosheid van Satan en die goddelose wêreld teen hulle! Die bose gevolge van Satan se werke op aarde word nou teen homself en teen die goddelose wêreld ingespan! Ons lees met die oopmaak van die eerste vier seëls dat daar duidelik telkens ’n bevel van een van die vier lewende wesens aangekondig word: Gaan uit! Dit is opdrag van God! En dan lees ons dat daar aan die ruiter “**mag gegee word**” om verwoesting aan te rig! Dit is God wat dit rig en bestuur!

Die eerste boosheid wat deur die ruiter op die wit perd aangerig word, is die leuens van Satan wat onder die dekmantel van die evangelie van Christus in die

wêreld verwoesting saai! Mense wat met leuens en verleiding van Satan vasgevang word! Let op die feit dat hierdie ruiter op die wit perd – anders as die Ruiter van Open. 19 – nie ’n swaard het nie, maar ’n pyl en boog! Dit is ’n nabootsing van Christus om mense se lewens met Satan se leuens te verwoes!

Die tweede boosheid van die ruiter op die rooi perd dui op geweld, moord, oorlog en doodmaak! Ons sien die eerste tekens daarvan as Kain vir Abel doodslaan en tot vandag is dit ’n kenmerk van Satan en sy werke! Om met geweld en oorlog verwoesting te saai! Ons sien dit elke dag rondom ons!

Die derde boosheid van die ruiter op die swart perd dui op die mag van geld en dat mense wat dit nie het nie, gedwing word tot swaarkry, tot honger en verskriklike bestaansellende! Biljoene mense vandag ly onder hierdie ruiter en sy mag!

Die vierde boosheid van die ruiter op die vaal perd dui op die mag van die dood! Die dood wat as gevolg van die sonde in die wêreld gekom het, kry die laaste seggenskap oor die lewe van ’n mens! Uiteindelik is die laaste mag van Satan wat gebreek sal word, as die dood nie meer daar sal wees nie!

Hierdie vier ruiters kry mag om ’n <u>kwar</u>t van die mense op aarde hiermee te tref! Die aantal “’n kwart” is slegs simbolies om te dui dat God se oordeel nog nie volkome is nie! Met die oordele wat later in Openbaring met die 7 trompette aangekondig word, word telkens ’n derde van die aarde getref! Simbolies dat God se oordeel besig is om in voller mag voltrek te word en nog later met die sewe bakke word dit in volheid geteken!

Geliefdes, God se bedoeling met die gebruik van hierdie vier bose dinge is inderdaad tot straf vir Satan en sy magte en elkeen wat hom volg! Reeds nou in hierdie tyd en hierdie bedeling! Want God is heilig en God haat sonde en sonde moet gestraf word! God is inderdaad ook ’n God van oordeel en straf! Die hele boek Openbaring maak dit vir ons duidelik – God se stryd teen Satan en sy magte – tot oordeel en om dit alles tot ’n einde te bring!

Maar Petrus maak dit ook duidelik in <u>2 Petrus 3</u> dat hierdie straf op die goddelose is ook bedoel om die mensdom tot bekering te bring! Hoe duidelik het ons dit nie met die Covid pandemie gesien nie! ’n Wêreld wat gedink het hulle kan sonder God klaarkom moes skielik erken: ons het nie die antwoord nie! Daar is iemand groter in beheer!

Maar, brs en srs, inderdaad word gelowiges – ek en jy – ook deur hierdie boosheid getref! Dit maak die <u>vyfde seël vir ons duidelik</u>! Die kinders van God word nie van hierdie dinge gevrywaar nie! **Inteendeel hulle kry ook swaar juis omdat hulle aan God en die evangelie van Jesus vashou!** Hierdie verwoesting is so erg en die lyding van gelowiges so swaar, dat met die vyfde seël selfs die siele van gelowiges in die hemel tot God roep om alles tot ’n einde te bring!

En dan word die einde – die finale oordeelsdag - inderdaad met die sesde seël se natuurrampe aangekondig!

Ja, ek en jy – en elke gelowige van alle tye kan saam die vraag van hf 6: 17 vra " Wie sal staande kan bly?". Wie kan staande bly midde die swaarkry en die lyding en die straf van God wat nou reeds op aarde voltrek word! Dis die vraag waarmee ons as gelowiges elke dag worstel! Sal ons deur alles staande kan bly? Ons worstel daarmee veral as ons die druk van swaarkry en ellende vir lang tye in ons lewe bly ervaar!

En dan, geliefdes, kom die heerlike antwoord: ons sal behoue bly! Die tweede saak wat ons vanmore duidelik moet verstaan is: dat God se optrede met die eerste vier seels nie vir ons bedoel is tot oordeel en straf nie! Wanneer ons as kinders van God ook deur hierdie dinge getref word, is dit vir ons tot beproewing en tot versterking van ons geloof!

Daarom verander die toneel in Openbaring 7 skielik! Johannes sien iets anders op aarde raak! Hy sien 'n visioen van God wat sy kinders met sy seël merk en bewaar in hierdie tyd van nood en swaarkry. Vier engele staan simbolies gereed om al hierdie dinge in werking te stel, maar kry dan die opdrag van 'n ander engel om eers te wag om die oordele te voltrek sodat almal wat in God glo eers met die seël van God gemerk kan word!

Wat gebeur hier? Wat is hierdie seël van God? En wie is hierdie 144 000 wat gemerk moet word! Nee, dis nie 'n regtige, fisiese merk waarmee die gelowiges gemerk moet word nie. Die begrip "seël" of "verseëling" van gelowiges het in die Bybel verskillende betekenisse en hier word die klem gelê op "eienaarskap"! Almal moet weet dat ons aan God behoort! En daarom simbolies op die voorkom – waar almal dit kan sien!
In Open 14: 1 sien ons wat hierdie teken is! Daar staan geskrywe: Wys skyfie 3
"Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe."

Ons behoort aan Jesus en aan God! Wie? Die volle getal van die gelowiges op aarde! Dit is wat die simboliese getal 144 000 beteken. Twaalf maal twaaf stamme van Israel maal 1000 – die simbool van goddelike volheid! Nee, daar is nie letterlik net 144 000 mense wat gered word nie – dit is die simboliese getal van alle gelowiges van alle tye!

Ons dra God se Naam en dit is ons beskerming! Ons staan nie onder God se oordeel oor die sonde nie want Jesus – die Lam van God – het vir ons die oordeel en straf van God op ons sonde gedra! Vir ons sonde is betaal en daarom straf God ons nie! Daarom is die verskrikkinge van die 4 perde en ruiters waaronder gelowiges ly, nie straf nie, maar God se beproewing van ons geloof! Dit is bedoel om ons geloof sterkter te maak en ons nader aan God te bring!
Dit is waarom daar vir die siele onder die altaar gesê word dat hulle nog moet wag!
God is nog besig met sy kinders hier op aarde! Hulle word nog in hulle geloof gebrei en versterk – selfs tot die dood toe! As die beproewing dan selfs op my dood uitloop – dan bring dit my by God!

En midde daarin bewaar God ons dat niks van hierdie dinge ons uit God se hand kan ruk nie!

Geliefdes, hiervan verseker die Here ons vanmore! Want Johannes sien volgende hierdie selfde 144 000 in die hemel voor God staan! Hiermee wys die Here vir ons wat die uiteinde van alles sal wees: ons oorwinning! Te midde van God se oordeel bewaar God ons vir die oorwinning! Ons sal voor die troon van God staan en ons sal God loof en dank vir sy redding in Christus en ons sal nooit weer lyding, swaarkry en beproewing beleef nie! Dit is God se belofte!

Br en sr, midde jou worsteling en swaarkry, midde die beproewing wat die 4 perde ook in ons lewe bring – staan God se belofte was, Hy sal ons bewaar, Hy sal ons staande hou – ons sal bly staan tot die einde toe!

Meer nog! God gebruik ons ook in die uitvoering van hierdie raadsplan wat Christus besig is om te onthul! Want dan breek Christus die sewende seël: nou is ons weer terug in die hemel by God se troon! En hier gebeur daar ‘n wonderlike **troosvolle gebedsoffer van die gelowiges! God bring stilte in die hemel om te luister na die gebede van sy kinders!**
Wat ’n heerlike troosvolle gesig! God wat in stilte luister wanneer ek en jy bid! Bid vanuit ons nood en beproewing en lyding en God wat hoor en luister!

Maar ook bid dat God die oordeel oor die bose wêreld sal voltooi sodat alles tot ’n einde kan kom! Juis daarom staan die sewe engele met sewe trompette gereed todat die gebede van die gelowiges voltooi is - om die volgende, meer volkome oordele van God oor die wêreld aan te kondig!

Geliefdes br en sr, dit wat ons vandag van die uitvoering van God se raadsplan sien, lyk op die oog af nie mooi nie! Hierdie wêreld is vol van die werke van die vier perde en hulle ruiters! Maar God hou hulle in sy hand – dis sy oordeel oor die bose! Kom ons bid dat dit gou sal wees en voltooi sal word!

Maar kom ons vind ons krag en troos in die feit dat God ons midde hierdie oordele bewaar en stand hou en dat ons saam met Hom oor hierdie boosheid sal oorwin!
Sien elke dag met jou geloofsoog God se merk op jou voorkop – dat jy deur Jesus Christus aan Hom behoort en dat niks jou ooit uit sy hand sal ruk nie! Ook nie die swaarkry en seerkry van hierdie lewe nie! Dank die Here Jesus dat Hy vir jou sonde betaal het en dat jy nou deur die swaarkry geoefen mag word om aan God vas te hou! En bid dat die Here gou sal kom!

Amen